## HOOFSTUK 1: Hersieningsoefening

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Elke voël sing soos hy gebek is** – *Quintin Goliath*

Quintin Goliath is 'n *rapper*, skrywer en musikant wat vir Afrikaans en Kaaps 'n nuwe baadjie aantrek. In die (vermaaklikheid + bedryf) ken ons hom as Jitsvinger (uitgespreek Djitsvinger). Woorde is sy kos. Hy rits woorde so vinnig af dat jou kop draai. Sy tong is los. Hy noem homself 'n argitekbek. Die beelde wat hy gebruik is vars en oorspronklik.

Hier is 'n onderhoud met hom.

**V:** Vertel meer van die taal waarin jy kletsrym?
**A:** Ek praat Afri-Kaaps. Kletsrym of *rap* soos ons sê, gaan oor woordspeling en rangskikking van woorde. Dit is my kos daai. Die *challenge* om *original* te wees.

**V:** Waar het jy met Kaaps kennisgemaak?
**A:** Ek het vakansies by my tannie en nefies op die Kaapse Vlakte gaan kuier waar Afrikaans 'n ander identiteit in die vorm van Kaaps het. Djy hoor interessante goed innie Kaap. Ek het *bionic* ore gehad.

**V:** Hoe kry jy inspirasie vir jou liedjies?
**A:** As ek 'n nuwe woord hoor, dan si' dit vas aan my. Ek het dorings. Woorde is vi' my soos kapok. Nou steek ek net my penne uit. *(Hy sprei sy vingers soos staalpenne uit.)* "Dan steek hierie woorde vas, en dan kom ek by die hys. *(Hy trek die denkbeeldige woorde van sy vingers af.)* Dan vat ek al hierie woorde saam. Dan kyk ek watter ek kan gebruik.

**V:** Dink jy Afrikaans het nog 'n toekoms?
**A:** Ek was verbaas toe mense sê Afrikaans gaan dood. Proe hom. Voel hom. Ruik hom. Hoor hom. Luister. Hy lewe! *(Hy kyk op. Amper pleitend. Hy praat sag en nadruklik. Die geesdrif dans in sy oë.)*

1.1 Waarom het "woordspeling" net een l? (1)

1.2 Waarom het "kapok" net een p? (1)

1.3 Waarom het "penne" twee n'e? (1)

2.1 Verdeel "rangskikking" in klank- en lettergrepe. (2)

2.2 Verdeel "interessante" in klank- en lettergrepe. (2)

3.1 Dui die basis aan in: skrywer. (1)

3.2 Dui die voorvoegsel aan in: bekend. (1)

3.3 Breek "denkbeeldige" op in sy basisvorm(e) en agtervoegsel. (1)

3.4 Vorm 'n samestelling van: vermaaklikheid + bedryf. (1)

3.5 Lei 'n werkwoord af van: identiteit. (1)

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

4 Dui die eiename en soortname in die volgende paragraaf aan:

Ek het vakansies by my tannie en nefies op die Kaapse Vlakte gaan kuier waar Afrikaans ’n ander identiteit in die vorm van Kaaps het. (8)

5 Gee die predikatiewe byvoeglike naamwoorde:

5.1 Hy het ’n (los) tong. (1)

5.2 Daar is (oorspronklik) beelde. (1)

5.3 Hy vorm (nuut) woorde. (1)

6.1 Wat is ’n “argitekbek”? (1)

6.2 Verduidelik die figuurlike betekenis van:
6.2.1 Hy het ’n los tong. (1)
6.2.2 Dis my kos daai. (1)

6.3 Watter beeldspraak kry ons in die volgende sinne:
6.3.1 Geesdrif dans in sy oë. (1)
6.3.1 Sy vingers staan soos staalpenne. (1)
6.3.1 Woorde is sy kos. (1)
6.3.1 Woorde is vir my soos kapok. (1)

**[30]**

## HOOFSTUK 2: Hersieningsoefening

1 Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Thabo is in (1.1) wolke, want hy kuier saans by (1.2) meisie. Hy is in die sewende (1.3) vandat hy by haar vlerkgesleep het. Hierdie (1.4) <u>ghoeroe</u> is tot sy (1.5) <u>oor/ore</u> verlief. Hy weet hoe liefde ook 'n (1.6) <u>tragies</u> einde kan hê. 'n Roos plus 'n soen plus 'n drukkie maak Thabo (1.7) <u>erg verlief</u> op sy Juliet. Thabo se planne vir (1.8) <u>Valentyn + dag</u> is 'n (1.9) <u>tuin + piekniek</u> wat Thando die (1.10) <u>bly</u> gaan maak.

1.1 Verskaf die gepaste lidwoord. (1)

1.2 Verskaf die gepaste lidwoord. (1)

1.3 Voltooi die ontbrekende woord in die uitdrukking. (1)

1.4 Gee 'n gepaste sinoniem vir die woord "ghoeroe". (1)

1.5 Kies die korrekte woord. (1)

1.6 Gee die korrekte vorm van die woord. (1)

1.7 Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte woord. (1)

1.8 Skryf die korrekte samestelling neer. (1)

1.9 Skryf die korrekte samestelling neer. (1)

1.10 Skryf die oortreffende trap van "bly" neer. (1)

2 Skryf die algemene sinne oor as vraagsinne. Onthou om die vraagteken by te voeg.

2.1 Thabo word 'n uitsonderlike liefdesghoeroe.
Begin met: *Word ...* (1)

2.2 Hy is in die sewende hemel vandat hy haar ontmoet het.
Begin met: *Is ...* (1)

2.3 Hy sleep vlerk by die meisie op die hoek.
Begin met: *Sleep ...* (1)

2.4 Romeo en Juliet se liefde was so tragies.
Begin met: *Was ...* (1)

2.5 Thabo koop 'n roos vir Thando.
Begin met: *Koop ...* (1)

**[15]**

## HOOFSTUK 3: Hersieningsoefening

Lees die onderstaande brief aan die pers en beantwoord dan die vrae wat volg.

**EK BLY POSITIEF**

(1.1) Het ek maar destyds geweet wat ek nou weet! Dan het ek iets heel anders gaan studeer. (1.2) Klink dit bekend? Noudat my kinders op ’n loopbaan moet besluit, wil ek (2) seker maak hulle kies reg. Werk is (3) skaars en omdat mense deesdae langer leef, gaan hulle dalk tot lank nà 55 moet werk as hulle nie (4) finansiele/finansiële probleme wil hê nie. (5) My kinders is dikwels negatief want hulle dink daar is nie ’n werktoekoms in (6) SA nie. (7) Dis so moeilik om hulle positief te motiveer.

(8) Ek glo daar was nog nooit meer gelleenthede as juis nou vir dié wat dit wil gebryk nie. Veral as jy ook besef die lewe (9.1) <u>skild</u> jou niks nie. Jy moet self dinge laat gebeur. Daar is (9.2) <u>siveel</u> (9.3) <u>verannering</u> wêreldwyd dat 40% van vandag se eerstejaarstudente oor 10 jaar ’n werk gaan doen wat nou (9.4) <u>noggie</u> eens bestaan nie. My kinders sal regtig moet uitstaan om in SA ’n goeie werk te kry. (10) Hulle moet hulself só bekwaam dat hulle oorsee ook kan werk as dit nodig is.

Ek glo net nie daaraan om negatief te wees nie.

Positiewe ouer
JOHANNESBURG

1 Benoem die sinsoorte:
1.1 Het ek maar destyds geweet wat ek nou weet! (1)
1.2 Klink dit bekend? (1)

2 Gee die intensiewe vorm van “seker”. (1)

3 Voltooi die vergelyking:
Werk is so skaars soos … (1)

4 Kies die korrekte spelling: finansiele/finansiële (1)

5 Skryf die sin oor en vul die korrekte leesteken in:
My kinders is negatief want hulle dink daar is nie ’n werktoekoms in SA nie. (1)

6 Waarvoor staan “SA”? (1)

7 Skryf die volgende sin oor en dui aan hoe jy die woord “hulle” sal beklemtoon.
Dis so moeilik om hulle positief te motiveer. (1)

8 Haal die TWEE spelfoute uit die sin hieronder en skryf die woorde korrek oor.
Ek glo daar was nog nooit meer gelleenthede as nou vir dié wat dit wil gebryk nie. (2)

9 Vul die korrekte klankverskynsels in.
9.1 As <u>skuld</u> uitgespreek word as <u>skild</u>, vind … plaas. (1)
9.2 As <u>soveel</u> uitgespreek word as <u>siveel</u>, vind … plaas. (1)
9.3 As <u>verandering</u> uitgespreek word as <u>verannering</u>, vind … plaas. (1)
9.4 As <u>nog</u> nie uitgespreek word as <u>noggie</u>, vind … plaas. (1)

10 Is die volgende sin enkelvoudig of saamgesteld? Motiveer jou antwoord.
Hulle moet hulself só bekwaam dat hulle oorsee ook kan werk as dit nodig is. (1)

**[15]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 4: Hersieningsoefening

1 Gee die afkortings vir die volgende.
1.1 illustreer (1)
1.2 Johannesburg (1)
1.3 hoofstad (1)
1.4 kilometer per uur (1)
1.5 laboratorium (1)
1.6 miljoen (1)
1.7 na aanleiding van (1)
1.8 hospitaal (1)

2 Skryf die volgende afkortings voluit.
2.1 m.b.v. (1)
2.2 ha. (1)
2.3 Ind. (1)
2.4 kp. (1)
2.5 l.r. (1)
2.6 md. (1)

3 Gee die akroniem of letternaam vir elk van die volgende.
3.1 Lid van die Provinsiale Raad (1)
3.2 Historiese Monumentekommissie (1)
3.3 Konfederasie van Afrika-sokker (1)
3.4 Nasionale Unie van Metaalwerkers van Suid-Afrika (1)
3.5 Johannesburgse Effektebeurs (1)
3.6 Instituut vir Mediese Navorsing (1)

4 Gee die korrekte vorm van die deelwoorde in hakies.
4.1 ’n Koppie (stoom) koffie sal nou lekker wees. (1)
4.2 Ma het vanaand ’n (kook) pot pasta vir ete gemaak. (1)
4.3 Die (suis) wind kan nou ophou – dit klink aardig. (1)
4.4 Die (lag) kinders geniet hulself op die swaaie. (1)
4.5 Ek kan my verwonder aan die (herkou) koeie. (1)
4.6 Die kinders loop (kou) by die klas in. (1)
4.7 Die koor het (sing) na die verhoog beweeg. (1)
4.8 Hy kyk my (frons) aan. (1)
4.9 Sy eet vinnig haar (smelt) roomys. (1)
4.10 Die hond kyk my (kwyl) aan terwyl ek eet. (1)

5 Benoem die volgende sinsoorte.
5.1 Sal ek ooit die swembeker wen? (1)
5.2 Jy mag nie daar opklim nie! (1)
5.3 Gister was ’n baie moeilike dag. (1)
5.4 Gaan jy dan nooit alleen fliek nie? (1)
5.5 Ek sal dit mos nooit doen nie! (1)
5.6 Geluk met jou mooi prestasie! (1)

**[36]**

## HOOFSTUK 5: Hersieningsoefening

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

**S-so s-sis S-suid-Afrika**
**se s-s-s-slange …**

(**1** by die randse paasskou is daar nie net kosstalletjies waar jy kan gaan inloer nie. jy kan gaan kennismaak met professor bryan claassen of soos almal hom ken, snake bite joe. hy laat jou vlak by suid-afrika se gevaarlikste slange, die pofadder en die spoegkobra, staan terwyl hy jou van dié reptiele vertel.) Jy kan die pofadder en die spoegkobra van nader bekyk sonder om bang te wees.

(**2** Professor Claassen sê dat die pofadder verantwoordelik is vir sowat 70% van alle slangbyte in Suid-Afrika.) (**3** Pofadders is vet lui en hulle beweeg baie stadig) (**4** Hy pik binne ’n oogknip. Hy hou nie van beweeg nie). (**5** Jy kan enige adder uitken aan sy growwe skubbe sy vet lyf en die feit dat hy altyd in ’n reguit lyn seil) ’n Interessante feit is verder dat ’n pofadder nie soos ander slange wegbeweeg as hy vibrasies op die grond voel nie.

Die spoegkobra strek sy ribbekas en maak of hy wil spoeg as hy ’n roofdier wil (**6** intimideër/ intimideer). So ’n slang kan jou in die (**7** oê/oë) spoeg omdat hy na die hoogste punt van (**8** beweging) mik. Indien jy raakgespoeg word, moet jy jou oog vir tien tot (**9** 15) (**10** minute) met enige veilige vloeistof wat jy in die hande kry, (**11** was).

Maar die meeste van die tyd, as jy net stilstaan, gaan die slang nie (**12** veilig) voel nie en dan sal jy niks oorkom nie.

1 Skryf die volgende paragraaf oor en vul die korrekte hoofletters in:

by die randse paasskou is daar nie net kosstalletjies waar jy kan gaan inloer nie. jy kan gaan kennismaak met professor bryan claassen of soos almal hom ken, snake bite joe. hy laat jou vlak by suid-afrika se gevaarlikste slange, die pofadder en die spoegkobra, staan terwyl hy jou van dié reptiele vertel. (12)

2 Skryf die volgende sin oor in die direkte rede:

Professor Claassen sê dat die pofadder verantwoordelik is vir sowat 70% van alle slangbyte in Suid-Afrika. (2)

3 Skryf die sin oor met die korrekte leestekens:

Pofadders is vet lui en hulle beweeg baie stadig (2)

4 Verbind die volgende twee sinne met die voegwoorde soos aangedui:

(Tog) Hy pik binne ’n oogknip.(al) Hy hou nie van beweeg nie. (2)

5 Skryf die sin oor met die korrekte leestekens.

Jy kan enige adder uitken aan sy growwe skubbe sy vet lyf en die feit dat hy altyd in ’n reguit lyn seil (2)

6 Kies die korrekte spelling: intimideër/intimideer (1)

7 Kies die korrekte spelling: So ’n slang kan jou in die (oê/oë) spoeg. (1)

8 Breek die woord op in lettergrepe en dui aan watter lettergreep oop of geslote is: beweging (1)

9 Skryf “15” uit in woorde. (1)

10 Skryf die woord “minute” neer en dui aan watter lettergreep die klem dra. (1)

11 Maak ’n sin met die woord “was” sodat dit nie dieselfde betekenis het as in die leesstuk nie. (1)

12 Gee die gepaste antoniem vir “veilig”. (1)

13 Skryf die volgende sinne oor in die direkte rede.

13.1 Een van die kinders wil weet wat slange eet. (2)
13.2 Claassen roep uit dat slange stout kinders eet. (2)
13.3 Iemand wil weet hoe lank dit neem om dood te gaan as ’n pofadder jou pik. (2)
13.4 Claassen antwoord dat dit afhang hoeveel gif die slang gebruik. (2)

14 Skryf die volgende paragraaf oor en vul die korrekte voornaamwoorde in.

Claassen was van kleins af lief vir slange. Claassen se ma het nie daarvan gehou dat Claassen of Claassen se broers slange moes huis toe bring nie. Claassen en sy broers het nie altyd na Claassen en Claassen se broers se ma geluister nie. (5)

**[40]**

## HOOFSTUK 6: Hersieningsoefening

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

> (**1** Iemand vra Kan jy leierskap omskryf) Daar is baie (**2** definisies) vir leierskap. Die beste definisie is dat jy 'n inspirerende visie moet hê. 'n Leier het 'n droom. (**3** Maar dit beteken nie hy/sy is 'n sofapokkel wat heeldag lugkastele bou nie.) Leiers is soos (**4** entrepreneurs). Hulle skep geleenthede.Hulle sal nie (**5** skrik) en (**6** "doef") flou val vir uitdagings nie. (**7** op werkersdag sal leiers die skares oor produktiwiteit toespreek) (**8** 'n Mens is soms te bang om die TV aan te skakel, want as leiers se skandale nie hoofnuus is nie, lees ons dit op die kruipnuus.)
>
> Laat ons Nelson Mandela as rolmodel vir 'n goeie leier onthou. Mandela het ons geleer dat hy al bang was. (**9** Maar ... het nie toegelaat dat ... vrees ... onderkry nie.)
>
> (**10.1** Party kenners sê Mense beskik oor 'n natuurlike geneigdheid en 'n gawe om te lei, maar talente moet ontwikkel word.)
>
> (**10.2** Ander persone sê weer As jy nie oor natuurlike leierseienskappe beskik nie, kan jy definitief jou kennis en vaardighede ontwikkel.)

1 Skryf die sin oor en vul die korrekte leestekens in.
Iemand vra Kan jy leierskap omskryf (1)

2 Verdeel die woord in lettergrepe.
definisies (1)

3 Verduidelik wat die volgende nuutskepping beteken.
Maar dit beteken nie hy/sy is 'n **sofapokkel** wat heeldag lugkastele bou nie. (1)

4 Kies die korrekte antwoord:
"entrepreneur" is 'n voorbeeld van 'n (nuutskepping/leenwoord/klanknabootsing). (1)

5 Skryf die sin oor en maak gebruik van hiperbool om "skrik" te beklemtoon.
Hulle sal nie **skrik** en doef flou val vir uitdagings nie. (1)

6 Voltooi die volgende sin:
"doef" is 'n voorbeeld van ... (1)

7 Skryf die sin oor met gepaste hoofletters.
op werkersdag sal leiers die skares toespreek oor produktiwiteit. (1)

8 Verduidelik wat "kruipnuus" in die volgende sinsverband beteken.
'n Mens is soms te bang om die TV aan te skakel, want as leiers se skandale nie hoofnuus is nie, lees ons dit op die **kruipnuus**. (1)

9 Skryf die sinne oor en vul die korrekte voornaamwoorde in.
Mandela het ons geleer dat hy al bang was. Maar ... het nie toegelaat dat ... vrees ... onderkry nie. (3)

10 Skryf die sinne oor in die direkte rede.

10.1 Sommige kenners sê mense beskik oor 'n natuurlike geneigdheid en 'n gawe om te lei, maar talente moet ontwikkel word. (2)

10.2 Ander persone sê weer as jy nie oor natuurlike leierseienskappe beskik nie, kan jy definitief jou kennis en vaardighede ontwikkel. (2)

**[15]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 7: Hersieningsoefening

Lees die teks vlugtig deur en beantwoord die taalvrae wat volg.

**Is dié Driehoek 'n mite?**

Die mite oor die bekende Bermuda-driehoek het in 1950 begin toe mense die onverklaarbare verdwyning van vliegtuie en skepe op 'n spesifieke gedeelte in die see begin opmerk het. In 1952 het George Sand onder andere oor die 5 torpedo-vliegtuie, wat in 1945 tydens 'n roetine vlieg-oefensessie spoorloos verdwyn het, geskryf en skielik het dit die publiek se aandag getrek.
Baie skrywers het van daar af hulle penne oor bladsy laat vlieg en ook oor die interessante verskynsel begin geskryf, maar dit was in 1964 wat die naam Bermuda-driehoek gevestig is, toe die Amerikaanse skrywer, Vincent Gaddis, die plek waar die verdwynings plaasvind, geïdentifiseer het as Miami, San Juan en die eiland, Bermuda. Hy het na hierdie area as die Dodelike Bermuda-driehoek verwys.

1 Verander die gegewe komplekse na simplekse.
1.1 skepe (1)
1.2 verdwynings (1)
1.3 bekende (1)
1.4 vliegtuie (1)
1.5 dodelike (1)
1.6 interessante (1)
1.7 Amerikaanse (1)
1.8 geïdentifiseer (1)

2 Haal ses simplekse uit die teks aan. (6)

3 Haal twee aanwysende voornaamwoorde uit die teks aan. (2)

4 Verander die volgende sinne sodat dit enkelvoudige sinne is.
4.1 Die mite oor die Bermuda-driehoek het in 1950 begin toe mense onverklaarbaarhede begin opmerk het. (1)
4.2 Meer as 'n 1000 vliegtuie en skepe het verdwyn sonder dat daar 'n spoor agtergelaat is. (1)
4.3 Soms is wrakke opgespoor, maar dan is daar geen teken van die bemanning of die passasiers nie. (1)
4.4 Die teorieë van elektroniese mis is een van die gewildstes omdat dit dalk die verdwynings kan verklaar. (1)
4.5 Die mis, wat met elektrisiteit gelaai is, veroorsaak dat vliegtuie of skepe se instrumente onklaar raak en dan net verdwyn omdat hulle nie verder kan vlieg of seil nie. (1)
4.6 Baie flieks is al oor dié verskynsel gemaak omdat dit sorg vir lekker drama. (1)
4.7 Baie skrywers het hul penne oor bladsye laat vlieg en ook oor die verskynsel begin skryf. (1)
4.8 Baie vrae is vandag steeds onbeantwoord omdat mense nie weet wat gebeur het nie. (1)
4.9 Is daar dalk ander dele van die land waar so iets gebeur, maar ons nog nie van weet nie? (1)
4.10 Lees self meer oor die verskynsel en vorm jou eie teorieë! (1)

**[26]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 8: Hersieningsoefening

Baie Suid-Afrikaners is tot oor hulle ore in die skuld. Dis nooit 'n goeie ding om geld te gaan leen as jy weet jy sal dit nie kan terugbetaal nie. Maar as jy nie anders kan as om te gaan geld leen nie, moet jy die volgende wenke onthou.

**Geld wat stom is, maak reg wat krom is? Is dit waar?**

Wil jy geld leen vir iets sinvols soos om 'n huis te koop of om te gaan studeer, of het jy geld nodig vir luukses soos 'n vakansie of 'n nuwe selfoon? Voordat jy gaan geld leen, moet jy baie goed besin. As die kredietverskaffer vir jou 'n blanko kredietooreenkoms gee om te onderteken, moet jy weet dis verkeerd. Jy gaan geen beheer hê oor die inligting wat later op daardie vorm bygevoeg word nie. Maak altyd seker jy verstaan presies wat op die kredietooreenkoms staan as jy gaan geld leen. Onthou daar is 'n afkoeltydperk van vyf werksdae as die kredietooreenkoms nie by die kantore van die kredietverskaffer onderteken is nie. Dit beteken dat as jy binne vyf dae agterkom jy het 'n fout gemaak om die geld te gaan leen, kan jy die transaksie stop. Sal jy die nuwe betaling kan bekostig nadat jy vir al jou ander dinge betaal het? 'n Maandelikse begroting kan jou help om kop bo water te hou, ook as daar miskien onbeplande uitgawes kom. Dit is altyd 'n goeie idee om te spaar. Jy behoort elke maand minstens 15% van jou inkomste te spaar. As jy laat of glad nie betaal nie, moet jy jou kredietverskaffer dadelik laat weet. Probeer ander reëlings tref as jy sien jy gaan nie 'n paaiement kan betaal nie.

Skryf 'n opsomming:

- Haal SEWE wenke uit die leesstuk wat jy moet onthou as jy gedwing word om geld te leen.
- Skryf die wenke ondermekaar neer.
- Gee die wenke in jou eie volsinne.
- Jy mag nie meer as 70 woorde in jou opsomming hê nie.
- Laat 'n reël oop na elke wenk.
- Tel die getal woorde wat jy gebruik het en skryf dit onderaan jou opsomming.

**[10]**

## HOOFSTUK 9: Hersieningsoefening

1 Kies die voegwoorde wat die beste in elke sin pas.

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Hy was siek; (en/nogtans) het hy gespeel. | (1) |
| 1.2 | Sy het niks oor die virus gesê nie: (trouens/dus) sy wil nie daaroor praat nie. | (1) |
| 1.3 | Dit het gereën; (tensy/gevolglik) kon ons nie buite speel nie. | (1) |
| 1.4 | Die video-opnemer het gebreek, (want/daarom) kon ons nie die storie kyk nie. | (1) |
| 1.5 | Sy maak video's propvol sensasie (terwyl/tog) sy met vakansie is. | (1) |
| 1.6 | Binne 'n kwartier het duisende mense dit gesien (omdat/want) dit viraal gegaan het. | (1) |
| 1.7 | Hy het nie 'n virus opgedoen nie; (dog/tog) gaan hy dokter toe. | (1) |
| 1.8 | Hy gaan dit nie doen nie; (tensy/as) jy hom daarmee help. | (1) |
| 1.9 | Kim het 'n video op die internet geplaas (en/want) só bekend geraak. | (1) |
| 1.10 | Sy het die video's op die internet geplaas, (en/want) sy wil hê dit moet viraal gaan. | (1) |

2 Korrigeer die TIEN woorde wat verkeerd geskryf is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Van Bredas | oupas | baba's | |
| Glam Gurus | bravo'tjie | Leseditjie | |
| Audi's | Maraistjie | BMX'ie | |
| DSTVs | Ottos | fundi's | |
| Vosloos | kafees | drama's | |
| Du Toit's | A's | a'st ware | |
| fooitjie | Terblanche'e | | (10) |

**[20]**

## HOOFSTUK 10: Hersieningsoefening

1 Gee die **intensiewe vorm** van die woord tussen hakies.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | (kliphard) musiek | (1) | 1.5 | ’n (spieëlglad) see | (1) |
| 1.2 | ’n (piepklein) muisie | (1) | 1.6 | ’n (stokdoof) oom | (1) |
| 1.3 | ’n (dolleeg) yskas | (1) | 1.7 | ’n (stokoud) boek | (1) |
| 1.4 | ’n (vuurwarm) gesprek | (1) | 1.8 | ’n (doodmoeg) hokkiespeler | (1) |

2 Verander die sinne na **enkelvoudige sinne**.

2.1 Ek het nog altyd net deur die Karoo gery en nie na die plantegroei gekyk nie. (1)
2.2 Min het ek geweet dat die spekboom, wat van ’n droeë klimaat hou, so ’n unieke plant is! (1)
2.3 Mense gebruik die blare in hulle sop en is mal daaroor! (1)
2.4 Diere eet die klein blaartjies en soek altyd die sagstes uit. (1)
2.5 Dié plant verminder die koolstofdioksied in die lug sodat ons makliker kan asemhaal. (1)
2.6 Boomplantweek duur van 1 – 7 September en moet nou na Spekboomplantweek verander! (1)

3 Skryf die volgende sinne oor in die **verlede tyd**.

3.1 Zuko vertel al sy klasmaats dat hy deel van die #spekkies-projek gaan word. (1)
3.2 Spekbome word in kompospotte geplant en aan mense verkoop. (1)
3.3 Andiswe vra hom hoekom hy soveel moeite doen. (1)
3.4 Zuko antwoord haar dat hy iets vir sy gemeenskap wil doen. (1)
3.5 Hy voel hy moet mense bewus maak van hulle verantwoordelikheid teenoor die natuur. (1)
3.6 Andiswe sê hy sal ’n inspirasie vir almal wees! (1)

4 Kies elke keer die korrekte **homofoon**.

4.1 Vanaand gaan my pa (boud/bout) op die kole braai. (1)
4.2 Dis ’n lekker (grote/grootte), want ons is 10 wat moet eet. (1)
4.3 My ouma (brei/bry) elke jaar bedsokkies vir my ma. (1)
4.4 Ek dink my pa vertel ’n (leun/leuen) as hy sê hy hou daarvan! (1)
4.5 Gelukkig (haal/hael) dit gereeld by ons, so dit is dikwels koud. (1)
4.6 Dis in elk geval nie sy (styl/steil) om bedsokkies te dra nie! (1)

5 Maak twee sinne met elk van die volgende **homonieme** sodat die betekenis van elke homoniem duidelik is.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | saal | (1) | 5.6 | keer | (1) |
| 5.2 | nooi | (1) | 5.7 | bly | (1) |
| 5.3 | lig | (1) | 5.8 | teken | (1) |
| 5.4 | gas | (1) | 5.9 | vertrek | (1) |
| 5.5 | veer | (1) | 5.10 | koppie | (1) |

6 Maak sinne met die **paronieme** om die verskil in betekenis aan te dui.

6.1 pynlik en pynloos (2)
6.2 gevoelvol en gevoelens (2)

**[40]**

## HOOFSTUK 11: Hersieningsoefening

1 Lees die paragrawe deur en doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

*Ek het 'n voëltjie hoor fluit, ag ek bedoel hoor twiet …*

Wat 'n goeie manier om (**1.1 boodskap** – gee die meervoud), vars (**1.2 nies** – skryf die geronde uitspraak neer) en belangrike inligting van regoor die wêreld in die hande te kry! Dis ook verskriklik maklik om te (**1.3 navigeur** – skryf die ongeronde uitspraak neer) en as jy 'n slimfoon het, sal jy jou Twitter-ervaring baie gebruikersvriendelik vind. Anders kan jy net Twitter.com besoek en deur jou rekenaar toegang kry. Twitter-etiket is ook reguit en eenvoudig – of jy nou 'n rekenaar of 'n (**1.4 slimfoon** – dui die stam aan) gebruik.

<u>Twitter: wat is dit?</u>

Jy het 140 karakters of minder nodig om jou gedagtes, (**1.5 inlig** – lei 'n s.nw. af) of (**1.6 grap** – gee die meervoud én verkleining) op Twitter te deel. Twitter maak dit moontlik om goedkoop te (**1.7 kommunikasie** – lei 'n werkwoord af). Gewoonlik is jou profiel oop en enigiemand in die wêreld kan sien wat jy skryf. (**1.8 Gebruik** – lei 'n persoonsnaam af) volg mekaar om in kontak met mekaar te bly. Jy kan met spesifieke mense gesels al beteken dit nie dat julle (**1.9 internetvriende** – dui die twee stamme aan) is nie.

<u>Gooi die Twitter-taal</u>

Jy moet net eers Twitter se dialek verstaan en onder die knie kry as jy saam wil kwetter. Daar is sekere woorde en jargon (**1.10 uie/eie** – kies die korrekte spelling) aan Twitter.

2 Lees die teks en herskryf die sinne soos aangedui in die daaropvolgende vrae.

Jy sal hierdie terme en hul afkortings raakloop wanneer jy by Twitter aansluit.

- 'n 140-skarakter-boodskap staan bekend as 'n twiet [*tweet*].
- Hertwiet [*retweet*, RT]: Weer "share" of aan iemand anders se twiet erkenning gee.
- Hutsmerk [*hashtag* (#)]: Jy dui 'n gespreksonderwerp so aan. 'n Hutsmerk stel ander mense in staat om, gegrond op onderwerpe, jou twiets maklik te vind.

<u>Ek is reg om te twiet: wat nou?</u>

Noudat jy gereed is om in te teken, kan jy jou gunstelingsanger of rugbyheld begin volg. Word deel van die gesprek. Onthou Twitter is 'n ondervinding. Hoe meer jy dit gebruik, hoe lekkerder sal dit word. Jy kan persoonlike kontakte wêreldwyd hê. Persoonlike kontakte sal deur Twitter fantastiese gesprekke met jou voer.

2.1 "Jy sal hierdie terme en hul afkortings raakloop wanneer jy by Twitter aansluit."

*Verlede jaar …* (1)

2.2 "'n 140-karakter-boodskap staan bekend as 'n twiet."

Hierdie sin is 'n voorbeeld van 'n … sin omdat daar net … werkwoord is. (1)

2.3 "Jy dui 'n gespreksonderwerp so aan."

*In die toekoms …* (1)


2.4 "Word deel van die gesprek."

Brei die sin uit met 'n geskikte bywoord van graad en wyse. (1)

2.5 “Jy kan persoonlike kontakte wêreldwyd hê. Persoonlike kontakte sal deur Twitter fantastiese gesprekke met jou voer.”

*Jy kan persoonlike kontakte wêreldwyd hê wat …* (1)

3 Bestudeer die prente goed. Voer dan die instruksies by elke vraag uit. Skryf elke keer net die woorde van die persoon wat praat, neer. Die getal woorde vir elke respons word tussen hakies aan die einde van die opdrag aangedui. Jy mag net een of twee sinne per respons gebruik.




3.1 Anthony is **verbaas** dat Jonathan nie weet hoe om die tafel te dek nie. Skryf die uitroep neer wat Anthony sal gee om sy verbasing uit te druk. (Maksimum 4 woorde) (1)

3.2 Jonathan vra om **verskoning** dat hy nie weet nie. Hy sê ook waarom hy nie weet nie. Skryf neer wat hy vir Anthony sê (15–20 woorde) (2)

3.3 Anthony stel vir Jonathan op sy gemak. Hy **verduidelik** vir Jonathan waar hy die vurk moet dek. Skryf sy verduideliking neer. (15–20 woorde) (2)

**[20]**

## HOOFSTUK 12: Hersieningsoefening

Lees teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

# SAARTJIE
## OMNIBUS 5

Die (**1** langbeenmeisie) (**2** met) die wipneus, kuiltjies en (**3** duiweltjies in haar oë) sit (**4** haar) (**5** avonture) voort. (**6** Dié) immergroen reeks (**7** het) die (**8** eerste) keer in 1953 verskyn, (**9** en) bied steeds (**10** ure) se vermaak vir (**11** jong) lesers. Hierdie omnibus (**12** bevat) die (**13** verhale): *Saartjie se dapper daad*; (**14** *Saartjie*) *se piekniek* en *Saartjie se* (**15** *pryse*).

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Gee die teenoorgestelde geslag. | (1) |
| 2 | Benoem die woordsoort. | (1) |
| 3 | Word hierdie frase letterlik of figuurlik bedoel? | (1) |
| 4 | Gee die teenoorgestelde geslag. | (1) |
| 5 | Benoem die woordsoort. | (1) |
| 6 | Watter soort voornaamwoord is hierdie? | (1) |
| 7 | Is die woord “het” ’n koppelwerkwoord of hulpwerkwoord? | (1) |
| 8 | Is die woord “eerste” ’n simpleks of ’n kompleks? | (1) |
| 9 | Benoem die woordsoort. | (1) |
| 10 | Gee die verkleiningsvorm van “ure”. | (1) |
| 11 | Gebruik die woord”jong” as die bepaler van ’n nuwe samestelling. | (1) |
| 12 | Benoem die woordsoort. | (1) |
| 13 | Gee die enkelvoud. | (1) |
| 14 | Waarom is die woord “Saartjie” ’n eienaam? | (1) |
| 15 | Gee die stam van “pryse”. | (1) |
| | | **[15]** |

## HOOFSTUK 13: Hersieningsoefening

1 Sê of die volgende stellings waar of onwaar is.

1.1 Die byvoeglike naamwoord beskryf die selfstandige naamwoord. (1)
1.2 Sipho teken elke middag 'n ruimtemannetjie. "elke middag" = bywoord van plek (1)
1.3 Vyf en twintig is 'n rangtelwoord. (1)
1.4 Tshidi beplan skelmpies om maan toe te gaan. "skelmpies" = bywoord van wyse (1)

2 Benoem die onderstreepte woordsoorte.

2.1 Ek betaal dalk vir 'n kaartjie maan toe. (1)
2.2 Naledi lyk hartseer op die foto. (1)
2.3 Die lang man kyk na die maan. (1)
2.4 Die man wat geteken het, is weg. (1)
2.5 'n Mens weet nooit. (1)
2.6 Eina! Jy maak my seer. (1)

3 Skryf die sinne oor in die indirekte rede.

3.1 Lesedi sê: "Ek gaan môre 'n boek oor ruimtereise lees." (1)
3.2 Michelle vra: "Het jy die kaartjie gister gekoop?" (1)
3.3 Lesedi sê: "Ek gaan eendag maan toe." (1)
3.4 Michelle sê: "Ek sal eerder net hier bly." (1)
3.5 Lesedi sê: "Ek sal jou nooit verstaan nie." (1)

**[15]**

## HOOFSTUK 14: Hersieningsoefening

1 Lees die teks deur en doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

> Die matriekleerders van Oaklands Hoërskool in Landsdowne is voorwaar ’n groep kinders om op trots te wees! (**1.1** 15 – skryf die woord uit) van die leerders het besluit om geld vir hulle matriekafskeid in te samel. Die groep leerders is almal 17 (**1.2** jaar/jare/jaare – kies die korrekte woord) oud en is al vir 5 (**1.3** jaare/jaar/jare – kies die korrekte woord) in die hoërskool. Hulle vertel toe hulle met die idee begin het, het dit hulle 5 (**1.4** ure/uur – kies die korrekte woord) geneem om die konsep reg te kry. Hulle het een dag van (**1.5** twee uur/tweeuur/twee-uur – kies die korrekte woord) tot (**1.6** 19:30 – skryf die woord uit) gesit op planne te beraam. Die groep is baie trots op wat hulle reggekry het.
>
> Elkeen van hulle blink ook uit in die skool. Tasha is gereeld (**1.7** 1e – skryf die woord uit) in die (**1.8 100m** – skryf uit in woorde) en Zimvo is altyd (**1.9 drie** – skryf in die korrekte vorm) in die vespring. Gewoonlik het hy (**1.10** *last* – gee die Afrikaans) gekom, of selfs (**1.11** 9de – skryf die woord uit), maar vandat hy so hard oefen, is net een van die (**1.12** *first* – gee die Afrikaans) drie plekke vir hom belangrik.

2 Skryf die volgende sinne oor in die negatiewe vorm.

2.2.1 Daar is baie kinders wat altyd matriekafskeidklere kan bekostig. (1)
2.2.2 Hulle laat hulle onderkry omdat hulle nie duur rokke gaan aanhê nie. (1)
2.2.3 Dit staan êrens dat duur rokke en aandpakke die doel van ’n matriekafskeid is. (1)
2.2.4 Daar is baie leerders wat bo hulle omstandighede uitstyg. (1)
2.2.5 Weet jy van iemand wat in jou gemeenskap iets besonders gedoen het? (1)
2.2.6 Het jy al ooit iets vir jou skool gedoen? (1)
2.2.7 Almal is altyd lus om iets spesiaals vir ander mense te doen. (1)
2.2.8 Ek het alreeds begin om geld vir ons matriekafskeid in te samel. (1)
2.2.9 Miskien moet ons ophou om na geleenthede te soek. (1)
2.2.10 Jy moet altyd die geleenthede deur jou vingers laat glip. (1)

3 Beantwoord die volgende vrae/stellings ontkennend. Begin elke keer met “Nee,”.

3.3.1 Het jy al ooit van die leerders by Oaklands Hoërskool gehoor? (1)
3.3.2 Mense het net op Facebook van die groep leerders gelees. (1)
3.3.3 Hulle aansoeke vir skenkings is elke keer aanvaar. (1)
3.3.4 Themba het geweet die projek gaan sy lewe verander. (1)
3.3.5 Behoort die leerders hierdie projek aan te pak? (1)
3.3.6 Washiela moet net vir drie rokke en drie aandpakke vra. (1)
3.3.7 Almal het sowel rokke en pakke as grimering geskenk. (1)
3.3.8 Ek weet van nog iemand om ’n skenking voor te vra. (1)
3.3.9 Het jy enigsins ’n idee hoe gelukkig die leerders is? (1)
3.3.10 Jy moet sulke stories wegsteek! (1)

**[20]**

## HOOFSTUK 15: Hersieningsoefening

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae wat volg.

> "Ek het agt jaar gelede in my **huis** op Piet Retief vir die eerste keer opera gehoor en op daardie **oomblik** het ek geweet waarom ek gebore is. Ek het British Airways se advertensie op TV gesien waarin Delibes se Lakmé-duet op die **agtergrond** speel en **dadelik** besluit wat ek vir die res van my lewe wil doen. Ek het aanvanklik gedink ek wil 'n rekenmeester word, maar dit het soos mis voor die son verdwyn. Ses maande ná daardie dag, het ek aan skole-kompetisies begin deelneem én ál die operapryse begin wen."

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Gee sinonieme vir die vetgedrukte woorde in reël 1–2. | (2) |
| 2 | Skryf die onderstreepte sin in reël 2 oor in die ontkennende vorm. | (1) |
| 3 | Gee die antoniem vir die vetgedrukte woorde in reël 3–4. | (2) |
| 4 | Motiveer of die onderstreepte frase in reël 5 letterlik of figuurlik gebruik word. | (1) |
| 5 | Wat beteken die onderstreepte frase (idioom) in reël 5? | (1) |
| 6 | Verskaf die korrekte vorm van die woorde tussen hakies.<br>Die opera (wat gehoor is) het soos die Lakmé-duet geklink. | (1) |
| 7 | Rangskik die sinsdele tussen hakies in die regte volgorde:<br>Pretty het (gevoelvol / opera / ses maande / in Milaan) gesing. | (4) |
| 8 | Skryf die volgende sin oor in die lydende vorm.<br>Yende het British Airways se advertensie op TV gesien. | (1) |
| 9 | Word die onderstreepte woord in reël 6 konnotatief of denotatief gebruik? | (1) |
| 10 | "Pretty Yende is die **son** vir elke opera-liefhebber."<br>Verduidelik die konnotatiewe betekenis van die woord "son" in die bostaande sin. | (1) |

**[15]**

## HOOFSTUK 16: Hersieningsoefening

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Deel die woorde in lettergrepe op. | | | | |
| 1.1 | hologramme | (1) | 1.7 | kitsbank | (1) |
| 1.2 | spazawinkel | (1) | 1.8 | tegonologiese | (1) |
| 1.3 | virus | (1) | 1.9 | deurskynende | (1) |
| 1.4 | moontlikheid | (1) | 1.10 | musieksterre | (1) |
| 1.5 | oorlede | (1) | 1.11 | kuberstorm | (1) |
| 1.6 | dwingend | (1) | 1.12 | tegniek | (1) |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2 | Gee die intensiewe vorm van die byvoeglike naamwoord. | | | | |
| 2.1 | nuut | (1) | 2.6 | slim | (1) |
| 2.2 | gesond | (1) | 2.7 | lekker | (1) |
| 2.3 | mooi | (1) | 2.8 | lig | (1) |
| 2.4 | klein | (1) | 2.9 | bleek | (1) |
| 2.5 | vreemd | (1) | 2.10 | lewendig | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3 | Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord in hakies. | |
| 3.1 | ’n (fenominaal) konsert | (1) |
| 3.2 | ’n (geweld) rekenaarspeletjie | (1) |
| 3.3 | (revolusie) denke | (1) |
| 3.4 | ’n (individu) program | (1) |
| 3.5 | ’n (sukses) toetsweergawe | (1) |
| 3.6 | ’n (innovasie) onderneming | (1) |
| 3.7 | (aanpas) toeps | (1) |
| 3.8 | (frustrasie) tegnologie | (1) |
| 3.9 | (humor) boodskap | (1) |
| 3.10 | (hipnose) uitwerking | (1) |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4 | Kan jy raai van watter tale die volgende leenwoorde afkomstig is? | | | | |
| 4.1 | snob | (1) | 4.6 | lasagne | (1) |
| 4.2 | bon voyage | (1) | 4.7 | rap | (1) |
| 4.3 | blog | (1) | 4.8 | vuvuzela | (1) |
| 4.4 | eish | (1) | 4.9 | yebo | (1) |
| 4.5 | indaba | (1) | 4.10 | mayonnaise | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 5 | Vul die ontbrekende voornaamwoorde in. | |
| 5.1 | Arnold moet ... CAT-huiswerk in ... tas pak. | (1) |
| 5.2 | Zintle is baie opgewonde oor ... nuwe sekuriteitstaak! | (1) |
| 5.3 | Sy en Karabo werk saam aan ... navoring oor China se nuwe gesiguitkennings-tegnologie. | (1) |
| 5.4 | Rivahl sê hulle moet ... help, anders gaan ... nie klaarkry nie. | (1) |
| 5.5 | Stephnie wil weer op ... eie werk, want ... sê ... werk te stadig. | (1) |
| 5.6 | Bobi dink ... is simpel. ... stel net in sokker belang en gaan nie ... taak klaarmaak nie. | (1) |

**[54]**

## HOOFSTUK 17: Hersieningsoefening

Lees teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Welkomsgroet aan die herfs**

Ek weet jy is hier,
want meteens beskik ek
weer oor elke sintuig
en al hou jy jou nog skuil
sien ek jou tog
in die skaarse geel
van die populiere
en die aarselende roesbruin
van die winderde;
o ja, ek weet jy is hier
want met geen see in sig
kry ek sy soutreuk
en trek ek dit
uit jou bruisende lug
diep in my longe in.

(uit: *sprak en sprook*, bl. 196)

1 Skryf reël 1 oor in die lydende vorm. (1)

2 Watter woordsoort is “want” (reël 2)? (1)

3 Gebruik “sintuig” (reël 4) as ’n byvoeglike naamwoord. (1)

4 Gee die korrekte woordorde van reël 5. (1)

5 Vorm ’n intensiewe vorm van “geel” (reël 6). (1)

6 Verdeel “populêr” (reël 9) in lettergrepe. (1)

7 Skryf die byvoeglike naamwoord uit reël 8 neer. (1)

8 “Aarselende” in reël 8 is ’n (teenwoordige/verlede) deelwoord. (1)

9 “dit” in reël 13 is ’n (persoonlike/onpersoonlike) voornaamwoord. (1)

10 “ek groet jou” is ’n voorbeeld van ’n (wederkerende/wederkerige) voornaamwoord. (1)

**[10]**

 *Hierdie dokument mag gekopieer word.*

## HOOFSTUK 18: Hersieningsoefening

LEESBEGRIP: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

Dís hoekom muskiete jóú takel

ZOEI-I-I-I-I-I-I ... ZIP! Jy krap en krap aan die rooi, opgeswelde bulte – die gevolge van dié vrypostige muskiet se bloedmakietie. Verpestelike klein Dracula! Wie gee haar die reg om jou so te treiter?

Bloedrooi gefuif sit sy daar ... trommeldik gesuig deur 'n "rietjie" wat sy, sonder om te vra, deur jou vel gesteek het. Sy vier fees! Sy en nie hy nie? Ja, glo dit maar.

Die wyfiemuskiet, het ek gesê? Ja, dit is die wyfie wat die proteïen in jou bloed broodnodig het om haar eiers te lê. Raar maar waar, die mannetjiemuskiet is 'n doodrustige jansalie wat tevrede is om aan nektar, vrugtesappe en selfs vuil water te suig. Hy sal nooit sy suigslurp met bloed bevlek om jou lewe te versondig nie.

Maar het jy al opgelet hoe muskiete feesvier op party mense se bloed, terwyl dit lyk asof hulle ander mense ignoreer? Dit is nie jou verbeelding nie. Jy smeer jouself van kop tot tone, brand kamfer-kerse, maar muskiet-se-kind kry jou nog steeds in die hande. Jy's raadop. Die waarheid is – daar is net mooi niks wat jy aan hierdie irriterende goggas se maaltydvoorkeure kan doen nie.

Volgens Joseph Conlon, 'n entomoloog, is sommige mense maar net aanlokliker vir muskiete as gevolg van die chemikalieë wat hul velle afskei. Hier is nog 'n paar interessanthede wat wetenskaplikes soos Conlon uitgevind het:

Swanger vroue skei meer koolstofdioksied af wanneer hulle asemhaal. Dit lok muskiete.

As 'n atleet na 'n drafsessie met 'n paar muskietbyte terugkom, is dit as gevolg van die melksuur wat tydens oefening in sweet afgeskei word. Dit lyk asof muskiete gek daaroor is.

Kenners meen dat alkoholiste 'n lekker prooi vir muskiete is. Alkohol laat 'n mens se liggaamstemperatuur styg en muskiete hou van warm liggame. Dié wat bier drink, is 'n muskiet se gunstelingprooi!

Navorsing toon dat mense in die O-bloedgroep twee keer meer deur 'n muskiet gebyt word as mense met tipe B-bloed of selfs tipe A-bloed.

Jy kan nou wel nie verhoed dat muskiete jou byt nie, maar hier is darem die topvyf-wenke om muskietbyte te behandel.

Asyn, uie, heuning, suurlemoen en knoffel verlig almal die jeukerigheid van 'n muskietbyt. Smeer 'n bietjie hiervan aan die geaffekteerde plek.

Meng 'n bietjie sout of bakpoeier met genoeg water om 'n dik pasta te maak om die byt te behandel. Tandepasta help ook.

Jy kan essensiële olies, aloe vera, mentol-mondspoelmiddel en selfs 'n droë koekie seep vir verligting aan die jeukerige deel vryf.

Sit 'n paar ysblokkies in 'n skoon vadoek en hou dit teen die jeukerige deel.

Laat 'n teesakkie in kookwater trek en laat dit afkoel voor jy die teesakkie op die bytplek sit.

Jy kan ook jou naaste apteek besoek en vra vir antihistamienroom.

Miskien het die digter van lank gelede, A. D Keet, ook maar probleme met muskiete gehad. Hoe ander kon hy die gediggie, Muskietejag, skryf? Hy sluit sy gediggie só af en daarmee is dit ook fluit-fluit, my muskietstorie is uit …

Nóú gaan die vabond sterwe …

Pardoef! Dis mis! daar gaan hy weer!

Maar dóód sal hy, sowaar ek sweer -

My naam is van der Merwe.

1. Sê in EEN VOLSIN waaroor hierdie artikel handel. (Daar is 2 feite.) (2)
2. Wat stel die volgende klanke voor?

   "ZOEI-I-I-I-I-I-I... ZIP!" (2)
3. "Bloedrooi gefuif sit sy daar…"

   Die onderstreepte woord in die bostaande sin beteken "het 'n wilde partytjie gehou". Dis 'n voorbeeld van …

   A 'n metafoor

   B 'n vergelyking

   C personifikasie

   D klanknabootsing (1)
4. "... trommeldik gesuig deur 'n "rietjie" wat sy, sonder om te vra, deur jou vel gesteek het."

   4.1 Waarom skryf ons "rietjie" tussen aanhalingstekens? (1)

   4.2 Gee nou 'n sinoniem vir "rietjie" in hierdie konteks uit par. 3. (1)
5. "Verpestelike klein Dracula!"

   Waarom is dit so gepas om na die muskiet as "Dracula" te verwys? Jy moet in jou ant woord na Dracula sowel as die muskiet verwys. (2)
6. Waarom het die wyfiemuskiet juis 'n mens se *bloed* so nodig? (2)
7. Noem die DRIE dinge waarvan die mannetjiemuskiet lewe in plaas daarvan om van jou bloed te suig. (3)
8. Haal die woord uit die leesstuk aan wat dieselfde beteken as "insektekenner". (1)
9. Sê waarom die volgende sin ONWAAR is.

   In die artikel lees ons daar is niks wat 'n dokter vir jou kan gee wat sal help vir die jeuk van muskietbyte nie. (1)
10. Waarom kan 'n mens sê dat hierdie artikel 'n "ligte" toon het? (1)
11. Die doel van hierdie artikel is ook om lesers in te lig. Wat kon die skrywer dalk nog oor hierdie onderwerp geskryf het? (1)